*Vrydag* **7 November**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:8-15**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:15**
**Te midde van oordeel belowe God 'n Verlosser**

Ons jubel in die Here, want te midde van oordeel belowe God 'n Verlosser. Adam en Eva het teen die Here gesondig, want hulle het versuim om die verbondsbepalings te gehoorsaam (Gen. 2:15-17). Deur hierdie daad van ongehoorsaamheid het sonde in die wêreld gekom.

Ons verwagting sou wees dat God vir Adam en Eva, en daarom die mensdom, sou uitwis, maar Hy was genadig. Ons sien die Here se genade in die feit dat Hy hulle opgesoek het deur te vra: "Waar is jy?" (3:9). God gee vir die mens 'n kans om hulle sonde voor Hom te bely. Ons sien ook die Here se genade in die genadeverbond wat Hy aan hulle openbaar en waar Hy 'n Verlosser belowe: *"En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt"* (3:15). In plaas daarvan om vir Adam en Eva te vernietig, belowe God 'n Verlosser wat die mens met Hom sal versoen.

Ons sien hoe die tema van die "saad van die vrou" teenoor die "saad van die slang" regdeur die Ou Testament afspeel. Ons troos is in die feit dat die "saad van die vrou" oor die "saad van die slang" seëvier. Jesus Christus, die Verlosser wat belowe is, het aan die kruis die slang se kop vermorsel. Jesus het die duur prys betaal om ons met God te versoen. Deur Adam se ongehoorsaamheid het sonde in die wêreld gekom, maar deur Christus se gehoorsaamheid is daar verlossing beskikbaar vir diegene wat in Hom glo (vgl. Rom. 5:12-21).

Ons kan egter ook getroos word met die wete dat die slang, wat Satan is, geen meer houvas op ons het nie, want ons behoort aan die Here en Hy bewaar ons.

*Sing: Psalm 138-2:3*
*Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)*